

COVID-19 wys hoe ónbevry ons eintlik is

Nico Koopman*

Die coronaviruspandemie is 'n vuurproef vir hoe ver ons plaaslik sowel as in die res van die wêreld met vryheid gevorder het. Hierdie pandemie het kom blootlê presies hoe ónbevry ons eintlik nog is, ondanks kennelike vooruitgang. Vryheid kan op drie maniere omskryf word: Vryheid is altyd vryheid ván, vryheid vír, en vryheid te mídde van.

Ons is steeds onbevry van armoede, werkloosheid en ongelykheid. Miljoene Suid-Afrikaners bly vasgevang in armoede. In sy boek getiteld *Poverty in South Africa: Past and Present* steun Colin Bundy, hoog aangeskrewe Suid-Afrikaanse historikus, op die Kopenhagen-verklaring om armoede soos volg te beskryf: "Armoede het verskillende gedaantes, waaronder 'n tekort aan inkomste en produktiewe hulpbronne om 'n volhoubare bestaan te verseker; hongersnood en wanvoeding; siekte; beperkte of gebrekkige toegang tot onderwys en ander basiese dienste; hoër siekte- en sterftesyfers; haweloosheid en onvoldoende behuising; onveilige omgewings, en maatskaplike diskriminasie en uitsluiting." Miljoene mense het steeds nie toegang tot hierdie mees basiese lewensnoodsaaklikhede nie.

Sowat 29% van Suid-Afrikaners is steeds vasgevang in werkloosheid, en COVID-19 laat hierdie syfer verder styg. Werkloosheid bring uitdagings op verskeie vlakke mee. Hoewel werk nie ons waarde bepaal nie, knou dit mense se waardigheid en gevoel van eiewaarde as hulle nie kan werk, 'n inkomste kan verdien en na hulleself, hulle geliefdes en die groter samelewing kan omsien nie. Werkloosheid vererger armoede.

Ons is almal steeds vasgevang in ongelykheid. Suid-Afrika bly een van die lande met die grootste kloof tussen ryk en arm ter wêreld. Dit is bemoedigend om te sien hoe baie bevoorregte Suid-Afrikaners ontstel en aangegryp word deur die swaarkry van hulle landgenote wat in hierdie tyd haweloos en honger is, en wat nie sosiale distansiëring kán beoefen nie weens hulle oorvol blyplekke en beknopte omgewing. Die pyn wat hierdie bevoorregte Suid-Afrikaners te midde van die pyn van hulle landgenote voel, skep hoop in hierdie troostelose tyd. Armoede is erger as dit so na aan oorvloed bestaan soos in Suid-Afrika.

So, hoe het ons gevorder met vryheid ván? Hoewel ons sekere tekens van vordering kan lys, is daar duidelik veels te veel mense vasgevang in en verkneg deur armoede, werkloosheid en ongelykheid om onself 'n slaagpunt te gee, wat nog te sê 'n onderskeiding.

Die tweede dimensie van vryheid gaan oor die verantwoordelikheid wat met vryheid gepaardgaan. Vryheid is vryheid van verknegting, sowel as vryheid om verknegting stop te sit. Ware vryheid impliseer dat ons die verantwoordelikheid aanvaar om armoede, werkloosheid en ongelykheid te bowe te kom. Ons is vry juis sodat daar geen armoede, werkloosheid en ongelykheid meer sal wees nie.

Die Suid-Afrikaanse landbou-ekonoom en teoloog Klaus Nürnberger het dekades gelede drie tipes praktyke geïdentifiseer wat ons moet beoefen om armoede, werkloosheid en ongelykheid te oorkom, naamlik praktyke van deernis, geregtigheid en opoffering.

Om vry te wees en vryheid vir almal te bewerkstellig is om met 'n hart vol deernis, genade en omgee te leef. Deernis is om maagsenuwees te ontwikkel; om te voel hoe my ingewande beweeg omdat my broers en susters haweloos, honger, sonder gesondheidsorg, hulpeloos en in gevaar is. Deernis is om genoeg om te gee om op te tree, om my broer se hoeder en my suster se herder te wees. Hoe vars klink voormalige president Thabo Mbeki se beroep op alle Suid-Afrikaners baie jare gelede om

mekaar se herders te wees; om onrustig te voel omdat so baie nog in ontbering, radeloosheid en vertwyfeling vasgevang is? Vryheid word 'n werklikheid deur middel van harte vol deernis.

Verantwoordelike vryheid vereis ook dat ons praktyke van geregtigheid ontwikkel. Vryheid en verantwoordelikheid vra dat ons ons vir die verwesenliking van sogenaamde tweedegenerasie- of tweededimensie-sosio-ekonomiese regte beywer, sowel as vir die ontwikkelings- en ekologiese regte van die derde dimensie. Verskeie dinksentrums by universiteite en in ander sferes van die samelewing werk oor dissiplinêre en sektorale grense heen aan teorieë, beleide en praktyke om die implementering van hierdie tweede- en derdedimensieregte 'n werklikheid te maak. By die Universiteit Stellenbosch staan kollegas soos prof Thuli Madonsela, professor in Sosiale Geregtigheid, en prof Sandy Liebenberg, professor in Publiekreg, sowel as ander gewaardeerde kollegas en studente aan die stuur van hierdie belangrike werk. Vir vryheid om te seëvier, kort ons mense met 'n kop vir geregtigheid.

'n Derde praktyk wat nodig is om armoede, werkloosheid en ongelykheid te bowe te kom, is die praktyk van opoffering. Opoffering het in 'n aantal kringe 'n bevlakte en ongewilde woord geword. Party feministiese denkers waarsku dat die begrip van opoffering misbruik kan word om vroue onderdruk te hou. Ander maan dat opoffering patologies kan word en tot 'n blindelinge romantisering, irrasionele verheerliking en selfs skadelike verafgoding van selfverloëning kan lei. Terwyl sommige meen dat opoffering die logika van ekonomiese groei en voorspoed weerspreek, reken ander dat hierdie woord nie gebruik kan word met verwysing na diegene wat reeds baie het nie. Wanneer sulke mense deel, maak hulle nie werklik 'n opoffering nie. Om die woord "opoffering" in dié verband te gebruik vervlak 'n andersins edele daad.

In sy boek *Radical Sacrifice* verwys die Engelse letterkundige kritikus Terry Eagleton na opoffering as morele opoffering wat gepaardgaan met die pyn van 'n geboorte; die transformerende en revolusionêre pyn van nuwe lewe. Veral in hierdie tyd van COVID-19 moet ons hierdie pyn, wat die belofte inhou van geboorte, getransformeerde lewens en algeheel nuwe samelewings, voel en deel. Om te deel, af te staan, met minder klaar te kom en die klein en eenvoudige dinge in die lewe te waardeer kan ons na nuwe samelewings en 'n nuwe normaal lei. Ware vryheid vereis hande van opoffering wat die nuwe te midde van die oue bou; hande van opoffering wat te midde van die krisis 'n nuwe normaal begin bou.

Om vryheid te bevorder is om te midde van soveel tekens van verknegting en gevangenskap met 'n vryheidsbesef te leef. Vryheid te midde van impliseer dat ons nou reeds bly is oor en uitsien na die vryheid wat nog kom. Met veerkragtige en responsiewe hoop beywer ons ons vir vryheid ván alle vorme van gevangenskap, en vryheid vir 'n menswaardige lewe vir almal. Met 'n hart vol deernis, 'n kop vir geregtigheid en hande van opoffering beweeg ons vorentoe na vryheid vir almal.

****Professor Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.***